Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, August 12, 2018
Page: 6

# 'Gade' geld net as julle wérklik getroud was

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Nie alle testamentêre bemakings is so voor die hand liggend soos wat 'n mens dalk dink nie.

Ek kyk vandag na enkele artikels in die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) wat kan bepaal wie sal erf in sekere omstandighede, ná 'n onlangse uitspraak deur die konstitusionele hof (Moosa N.O. en andere vs. minister van justisie en korrektiewe dienste en andere [2018] ZACC 19). Dié saak het gehandel oor art. 2C(1) van die wet, wat bepaal dat indien enige afstammeling van 'n testateur, uitgesonder 'n minderjarige of geestesongestelde persoon, wat, tesame met 'n oorlewende gade van die testateur, geregtig is op 'n voordeel uit die testament, afstand doen van sy reg op daardie voordeel, die voordeel outomaties na die oorlewende gade sal oorgaan.

Waar die probleem toe inkom, is dat in die geval ter sake die oorledene volgens die Moslemgeloof getroud was met twee vroue. Maar in 'n stadium in 1980 wou hy eiendom koop en die bank het vereis dat hy 'n formele huwelik aangaan alvorens hulle 'n verband sou toestaan. Hy het toe met een van die vroue ingevolge die (ou) Huweliksgoederewet van 1961 getrou. Ná sy dood in 2014 het die kinders afstand gedoen van hul voordele uit die boedel en sou dit ingevolge hierdie bepaling in die wet outomaties oorgaan op sy gade/s.

Maar die eiendom kon nie oorgedra word op albei se name nie, want hy is net met een getroud; die Moslem-huwelik is nie erken nie. Die konstitusionele hof het nou 'n vorige beslissing van die hooggeregshof in Kaapstad dat dit onkonstitusioneel is, bekragtig en "oorlewende gade" sal nou ook Moslem-troues insluit.

Belangrik vir lesers in die breër sin is dat dit hier gaan om partye wat getroud is volgens 'n formele huweliksvorm. Dit sluit nie partye in saamwoonverhoudings in nie (die belastingwette gee wel erkenning aan verhoudings wat bedoel is om permanent te wees). Kinders uit so 'n verhouding wat afstand doen van hul erfporsie om hul ma te help, sal hulle dus nie op die artikel kan beroep nie.

Ek dink ook kinders uit 'n vorige huwelik, waar die pa dalk geskei is en met 'n nuwe lewensmaat saamwoon en nie getroud is nie, sal in dieselfde bootjie wees. Bygesê, ek weet nie van stiefkinders wat so "vriendelik" is nie; daar is eerder 'n bakleiery oor goed as ek moet aflei uit lesers se briewe oor die jare.

Neem gerus ook kennis van 'n verdere subartikel wat bepaal dat sou 'n afstammeling nie kan of wil erf nie, sy erfenis outomaties oorgaan op sy of haar afstammeling, tensy die testament anders bepaal. Dit is dus belangrik om in jou testament te bepaal nie net wie moet erf nie, maar ook, sou daardie erfgenaam dan al oorlede wees, of weier om sy of haar erfenis te aanvaar, wie die opvolg-erfgenaam sal wees.

Dis belangrik, want mense gaan nie altyd in volgorde dood nie en testamente word (ongelukkig) nie gereeld hersien nie.

'n Laaste punt oor dié deel van die wet: As jy skei en binne drie maande ná die egskeiding sterf, sal jou testament gehanteer word asof jou eks reeds voor jou te sterwe gekom het. Kortom, sy sal nie erf nie, en dalk sal iemand wat jy nie in gedagte gehad het nie. As dit jou bedoeling was dat sy erf, moet dit duidelik uit jou testament blyk.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac. com; Twitter: @Nicovangijsen*

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.